EST. 1963
BERGSIG
TENNIS CLUB

# BERGSIG TENNIS CLUB KONSTITUSIE

## 1. NAAM

Die naam van die klub is die Bergsig Tennisklub, hierna “ Die Klub “ genoem.

## 2. DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die Klub is die volgende:

2.1 Om tennis in die algeneem te bevorder, aan te moedig, en in die besonder die belange van sy lede ten opsigte van tennis te behartig;
2.2 Om ‘n aangename sosiale gees onder lede te skep en met ander soortgelyke liggame saam te werk ten einde hierdie gees uit te brei;
2.3 Om ‘n ware sportmangees by lede aan te wakker.

## 3. VOERTAAL

Die Klub erken al die amptelike landstale, maar sy voertaal is Afrikaans.

## 4. LIDMAATSKAP

4.1 LEDE: Die Klub bestaan uit:

4.1.1 Gewone lede: dws persone wat kwalifiseer om ook Saterdag middae te speel;
4.1.2 Junior lede: dws skoolgaande kinders en ander kinders onder sestien (16) jaar wat nie as gewone lede kwalifiseer nie en mag speel soos deur die Bestuur bepaal;
4.1.3 Weekslede: dws persone ouer as sestien (16) jaar, wat nie op Saterdagmiddag speel nie.

4.2 LEDETAL
Die Klub se ledetal word na goeddunke van die Bestuur vasgestel, maar ‘n maksimum van sestien (16) spelers per baan word op ‘n Saterdagmiddag toegelaat. Hierdie spelers word deur die Bestuur goedgekeur.

4.3 AANSOEK OM LIDMAATSKAP
Aansoek om lidmaatskap van die Klub geskied alleen deur middel van die klub se amptelike aansoekvorm. Aansoekvorms ten opsigte van junior lede moet deur ‘n ouer of voog onderteken wees.Indien die Bestuur ‘n aansoek om lidmaatskap afkeur, is die Bestuur onder geen verpligting om redes vir sodanige besluit te verstrek nie. Persone is daarop geregtig om twee (2) Saterdae te speel alvorens hy die aansoekvorm inhandig.

## 5. BESTUUR

5.1 SAMESTELLING
‘nVerkose komitee ( hierna “Die Bestuur” genoem ) van sewe (7) lede, word deur die Jaarvergadering daargestel. Die Bestuur sal bestaan uit:

(1) Voorsitter
(2) Onder-voorsitter
(3) Ere-sekretaris
(4) Assistant-sekretaris
(5) Ere-tesourier, en
(6) Twee bykomende lede

Hierdie poste kan deur mans of dames beklee word.

5.2 DOEL
Die Bestuur beheer die Klub, sy bates en alle regte en pligte daaraan verbonde.

5.3 VAKATURES
Die Bestuur is bevoeg om vakatures in sy geledere na goeddunke te vul, of om addisionele lede te koöpteer.

5.4 DAGBESTUUR
Die Voositter, Onder-voorsitter,Ere-sekretaris en Ere-tesourier [van wie drie (3) ‘n kworum uitmaak] vorm die Dagbestuur wat bevoeg is om spoedeisende sake namens die Bestuur af te handle maar moet op die volgende bestuursvergadering daaroor rapporteer vir bekragtiging van hulle optrede deut die Bestuur.

5.5 ONDERKOMITEES
Die jaarvergadering of die Bestuur of die Voorsitter kan onderkomitees bestaande uit nie meer as vyf (5) lede nie of spesifieke persone aanwys om spesifieke take te verrig.

5.6 AANSPREEKLIKHEID
Die Bestuur is belas met die bewaring, namens die lede, van die besittings en fondse van die Klub, maar is nie verantwoordelik vir enige verliese weens diefstal, oneerlikheid of oormag nie, maar moet nogtans sy bes doen om sulke besittings en fondse te beskerm.

## 6. PLIGTE VAN AMPSDRAERS

6.1 VOORSITTER gee leiding in die algemeen en tree as leier op tydens Jaarvergaderings, Buitengewone Algemene Vergaderings, Bestuursvergaderings en Dagbestuurvergaderings en sien toe dat alle opdragte van die Jaarvergaderings, Buitengewone Algemene Vergaderings, Bestuursvergaderings en Dagbestuurvergaderings uitgevoer word en dat ander ampsdraers, onderkomitees of ander persone hulle onderskeie pligte nakom.

6.2 Die ONDER-VOORSITTER neem die plek van die Voorsitter in wanneer laasgenoemde nie sy/haar werksaamhede kan verrig nie en staan die Voorsitter in die algemeen by.

6.3 Die ERE-SEKRETARIS en/of ASSISTANT-SEKRETARIS

6.3.1 Hou notule van alle vergaderings en voer die korrespondensie van die Klub;
6.3.2 Roep vergaderings deur middle van kennisgewing byeen;
6.3.3 Voer alle opdragte van die Jaarvergaderings, Buitengewone Algemene Vergaderings, Bestuursvergaderings en Dagbestuurvergaderings uit;
6.3.4 Tree in die plek van die Ere-tesourier op, in sy/haar afwesigheid.

6.4 Die ERE-TESOURIER

6.4.1 Behartig die insameling van maandgelde en ander fondse en reik kwitansies uit vir alle gelde wat hy/sy namens die Klub ontvang;
6.4.2 Hou behoorlik boek van alle inkomstes en uitgawes;
6.4.3 Hou ‘n spaarrekening en/of lopende rekening en/of enige ander belegging deur die Bestuur goedgekeur by erkende finansiële instellings, en moet te alle tye in staat wees om die saldo in die rekenings tot bevrediging van die Bestuur te beantwoord;
6.4.4 Betaal weekliks in bogemelde rekenings alle gelde, hetsy kontant, tjeks of posorders, wat hy/sy namens die Klub ontvang, en met dien verstande dat hy/sy ‘n kleinkas of kontant op hande van hoogstens een honderd rand (R100) mag hou;
6.4.5 Betaal die rekenings van die Klub op las van die Bestuur;
6.4.6 Lê op elke Bestuursvergadering ‘n geldige verslag aan die Bestuur voor;
6.4.7 Die Tesourier word dieselfde as ander bestuurslede, wat ook geld hanteer, behandel soos in para 5.6 uiteengesit is;
6.4.8 Hou die ledelys van die Klub, dws hy/sy ontvang aansoeke om lidmaatskap en bedankings van lede, lê dit gereeld aan die Bestuur voor en lig die Ere-sekretaris gereeld in oor veranderings in die ledelys.

## 7. WEDSTRYDE

Die Bestuur kies die spanne wat die Klub verteenwoordig in sodanige wedstryde as wat die Bestuur reel of waarvoor die Bestuur inskryf, tensy die Jaarvergadering kragtens 5.5 spesifieke persone vir hierdie doel aanwys en wel soos volg:

7.1 ‘n Keurkomitee bestaande uit die Voorsitter en die Ere-sekretaris en drie (3) ander lede van die Klub wat jaarliks as sodanig deur die Jaarvergadering verkies word met dien verstande dat die kapteins van spanne –persone wat ook deur die keurkomitee benoem word – in’n raadgewende hoedanigheid, sonder stemreg, in die Keurkomitee kan dien.

7.2 Vakatures in die Keurkomitee word na goeddunke deur die Bestuur gevul.

## GELDSAKE

10.1

(iv) In gebreke bly om sy geldelike en ander verpligtinge teenoor die Klub na te kom.

9.3 APPèL DEUR ‘N GESKORSTE LID

‘n Geskorste lid kan hom/haar op die volgende Jaarvergadering beroep en sy/haar saak daar stel vir heroorweging, met dien verstande dat:

9.3.1 Die betrokke lid die Ere-sekretaris minstens veertien (14) dae voor die datum van die gemelde Jaarvergadering skriftelik kennis gee van sy/haar voorneme om sy/haar saak voor die Jaarvergadering te lê;

9.3.2 Die betrokke lid intussen onder geen omstandighede van enige van die Klub se fasiliteite gebruik mag maak of aan enige van die Klub se sosiale of ander funksies mag deelneem nie; en

9.3.3 Die betrokke lid se maandgelde betaalbaar is tot die einde van die maand waarin die skorsing geskied het.

## 10.

VERSKULDIGDE BEDRAE

Van alle persone sal verwag word om ‘n eenmalige bedrag te betaal by aansluiting (intreegelde) en om daarna ‘n maandelikse ledegeld te betaal. Van gewone lede sal verder verwag word om sy jaarlikse affiliasiefooi by GAUTENG NOORD TENNIS ASSOSIASIE en van tyd tot tyd ‘n bedrag, soos deur die Bestuur bepaal, te betaal , wat aangewend sal word vir die verskaffing van tee en klubhuisfasiliteite.

Ledegeld sal jaarliks deur die Algemene Vergadering vasgestel word. Indien die ledegeld nie vasgestel word nie, sal die ledegeld van die vorige jaar van toepassing bly behalwe as die Bestuur anders besluit.

10.2 AGTERSTALLIGE MAANDGELDE

10.2.1 As ‘n lid se maandgeld twee (2) maande agterstallig is, word sy/haar aandag skriftelik daarop gevestig deur die Ere-tesourier;

10.2.2 Indien ‘n lid, wie se maandgeld agterstallig is, sodanige agterstallige bedrag nie binne agt (8) weke na die datum waarop dit betaalbaar geword het, aan die Ere-tesourier betaal nie, stel die betrokke lid hom/haar bloot aan skorsing.

10.3 OPVRAGING VAN FONDSE

Orders of tjeks van hoogstens R1500-00 per keer in opvraging van fondse uit die rekenings wat ingevolge Artikel 6.4.3 van hierdie Konstitusie in stand gehou word, word onderteken deur die Ere-tesourier of Ere-sekretaris of die Voorsitter of die Onder-voorsitter, maar minstens twee (2) van hulle.

10.4 FINANSIëLE VERSLAG

Die Ere-tesourier stel jaarliks ‘n rekening van die Klub se inkomste en uitgawes op, wat vir goedkeuring aan die jaarvergadering voorgelê word.

10.5 OUDITERING VAN BOEKE

10.5.1 Die jaarvergadering kan twee (2) bevoegde persone benoem, waarvan minstens een (1) nie ‘n lid van die Bestuur is nie, of ‘n erkende rekenmeestersfirma , om die Klub se boeke kwartaalliks te ouditeer en die finale rekening aan die einde van die boekjaar te sertifiseer. Indien die Jaarvergadering nie van hierdie reg gebruik maak nie, moet die bestuur twee (2) persone aanwys om die finansiële rekeninge te ouditeer.

10.5.2 Wanneer dit gebeur dat die Ere-tesourier bedank uit sy/haar amp, of as lid van die Klub, of as sodanig geskors word, kan die Bestuur onverwyld ‘n gekwalifiseerde rekenmeester of ‘n ander bevoegde persoon wat nie ‘n lid van die bestuur is nie, aanwys om die finansies van die klub na te gaan.

10.6 BOEKJAAR

Die boekjaar van die Klub eindig op die laaste dag van Julie.

## 11.VERGADERINGS

11.1 JAARVERGADERINGS

11.1.1 Die Jaarvergadering van lede word in Augustus of September elke jaar gehou.

11.1.2 Op die Jaarvergadering doen die uittredende Voorsitter verslag oor die Klub se werksaamhede gedurende die afgelopejaar.

11.1.3 Op die Jaarvergadering tree die Bestuur van die afgelope jaar af, maar is herkiesbaar.

11.1.4 Op die Jaarvergadering word die Bestuur, die ander komitees, die Beskermhere, Presidente of Vise-presidente gekies.

11.1.5 Alle lede van die Klub mag die Jaarvergadering bywoon en aan die besprekings deelneem, maar alleen lede bo sestien (16) jaar WIE SE MAANDGELDE BETAAL IS, of aan wie verlofvoorregte toegestaan is,is stemgeregtig.

11.1.6 ‘n Skriftelike kennisgewing van die Jaarvergadering sal minstens tien (10) dae voor die tyd aan lede gegee word, en die kennisgewing van die vergadering moet die plek, datum en tyd daarvan aantoon.

11.1.7 Slegs besprekingspunte waarvan minstens veertien (14) dae skriftelike kennis aan die Ere-sekretaris gegee is, sal op die vergadering bespreek word.

11.2 BUITENGEWONE ALGEMENE VERGADERINGS

11.2.1 Op skriftelike versoek van minstens een-kwart van die stemgeregtigde lede wie se maandgelde betaal is, belê die Ere-sekretaris ‘n buitengewone Algemene Vergadering met dien verstande dat die skriftelike versoek volledige besonderhede van die betrokke aangeleentheid moet vervat en ook duidelik moet aantoon waarom dit dringend is.

11.2.2 Die Voorsitter kan te eniger tyd ‘n Buitengewone Algemene Vergadering belê, met dien verstande dat die stemgeregtigde lede van die Klub minstens sewe (7) dae skriftelike kennis van die betrokke Buitengewone Algemene Vergadering ontvang en dat die kennisgewing van die vergadering die doel, plek, datum en tyd daarvan aangee.

11.2.3 ‘n Buitengewone Algemene Vergadering behandel net die saak of sake wat in die kennisgewing van die vergadering benoem word.

11.3 BESTUURSVERGADERINGS

11.3.1 Bestuursvergaderings word minstens een keer per kwartaal gehou.

11.3.2 ‘n Bestuurslid wat sonder voldoende rede en sonder voldoende verskoning van drie (3) agter-eenvolgende Bestuursvergaderings afwesig is, hou outomaties op om lid van die Bestuur te wees.

11.4 KWORUM

11.4.1 In die geval van ‘n Jaarvergadering of ‘n Buitengewone Algemene Vergadering vorm ‘n kwart van die stemgeregtigde lede ‘n kworum.

11.4.2 In die geval van ‘n Bestuursvergadering vorm vier (4) lede ‘n kworum.

11.4.3 Indien daar by die aanvang van ‘n Jaarvergadering, Buitengewone Algemene Vergadering of Bestuursvergadering nie ‘n kworum op die bepaalde tyd teenwoordig is nie, verdaag die vergadering vir vyftien (15) minute en die dan aanwesige lede vorm ‘n kworum; enige besluite wat op so ‘n vergadering geneem word, is wettig en bindend.

11.5 VOORSITTER EN ONDER-VOORSITTER AFWESIG

Indien sowel die Voorsitter en die Onder-voorsitter van ‘n vergadering afwesig is, kies die aanwesiges ‘n Voorsitter uit hulle eie geledere.

11.6 STEMREG

11.6.1 Alle lede bo sestien (16) jaar WIE SE MAANDGELDE BETAAL IS, of aan wie verlofvoorregte toegestaan is, het stemreg op vergaderings van die Klub.

11.6.2 Die Voorsitter, of sy plaasvervanger, het ‘n beslissende sowel as ‘n gewone stem op alle vergaderings van die Klub.

11.7 WYSE VAN STEMMING

Stemming geskied deur die opsteek van hande, tensy ‘n stemgeregtigde of die Voorsitter versoek dat per stembrief gestem word, in watter geval die voorsitter ‘n lid of lede benoem om die stemme te tel.

11.8 MEERDERHEIDSBESLISSING

‘n Blote meerderheid van stemme is bindend vir enige besluit op enige vergadering van die Klub, uitgesonderd die geval genoem in artikels 13.4 en 18.

## 12. VERLOF

Die Bestuur kan na goeddunke verlof vir die betaling van maandgelde aan ‘n lid toestaan, met dien verstande dat:

12.1 Die Bestuur nie ‘n aansoek om verlof vir ‘n tydperk korter as een (1) maand sal oorweeg nie, en dat die Bestuur die reg voorbehou om ‘n maksimum tydperk te bepaal;

12.2 ‘n Gemotiveerde aansoek om verlof voor die begin van die betrokke tydperk skriftelik by die Bestuur gedoen word;

12.3 ‘n Lid gedurende die tydperk van verlof nie van die Klub se bane gebruik mag maak nie en dat, indien hy/sy gedurende die tydperk van verlof wel van die Klub se bane gebruik maak, die verlof onmiddellik verval en die lid onmiddellik aanspreeklik is vir die volle maandgelde vir die balans van die verloftydperk, tensy die Bestuur vind dat daar meriete bestaan in ‘n spesifieke geval, bv. Besering of uitstedig. Indien ‘n lid dan toestemming kry om te speel, hy/sy verantwoordelik sal wees vir die betaling van ‘n besoekersfooi, soos deur die Bestuur bepaal.

13.4 WYSIGING VAN KONSTITUSIE

## 13. KONSTITUSIE

13.1 VERTOLKING DEUR DIE VOORSITTER
Op’n Jaarvergadering of Buitengewone Algemene Vergadering is die Voorsitter se vertolking van hierdie Konstitusie bindend en finaal.

13.2 VERTOLKING DEUR DIE BESTUUR
Indien daar in die gewone loop van sake twyfel of ‘n geskil oor die bedoeling, betekenis of strekking van ‘n bepaling van hierdie Konstitusie of van enige ander verordening van die Klub ontstaan, is dit die plig van die Bestuur om ‘n vertolking van die betrokke bepaling te gee, en sodanige vertolking van die Bestuur is bindend en finaal.

13.3 AANGELEENTHEDE NIE IN DIE KONSTITUSIE GENOEM NIE
Aangeleenthede waarvoor hierdie Konstitusie nie voorsiening maak nie, word aan die Bestuur vir oorweging en beslissing voorgelê, en sodanige beslissing van die Bestuur is bindend en finaal.

Hierdie Konstitusie kan alleen gewysig word na ‘n besluit deur minstens twee-derdes van die aanwesige stemgeregtigde lede op ‘n behoorlik-saamgestelde vergadering van lede van die Klub, met dien verstande dat aan elke lid van die Klub minstens tien (10) dae voor die vergadering kennisgewing van sodanige voorgestelde wysiging(s) gepos moet word en dat die voorgestelde wysiging(s) ook op die Klub se kennisgewingbord aangebring moet word.

## 14. SPELREëLS

Die spelreëls van die Klub is dieselfde as die van Tennis Suid-Afrika.

## 15. BESOEKERS

Lede wie se maandgelde ten volle betaal is,mag volgens die diskresie van die Bestuur, besoekers na die bane bring, met dien verstande dat:

15.1 Daar vir elke besoeker ‘n bedrag, soos deur die Bestuur neergelê, per dag vooruit aan die Klub betaal word;

15.2 Die name van besoekers in die boek wat vir die doel gehou word, geskryf word;

15.3 ‘n Bestuurslid vooraf toestemming verleen aan ‘n lid om ‘n besoeker na die bane te bring;

15.4Dat ‘n besoeker meer dikwels (meer as twee [2] keer) mag kom speel maar dat die Bestuur die reg behou om op een of ander tyd aan te dring dat die besoeker aansoek doen om volle lidmaatskap.

## 16. ALGEMEEN

16.1 Die Bestuur mag na goeddunke verordeninge en reels opstel en toepas ten opsigte van enige saak wat bevorderlik vir die behoorlike reeling van die spel, op die Klub se bane, is mits sodanige verordeninge en reels nie strydig met die gees en strekking van hierdie Konstitusie is nie.

16.2 Die Bestuur mag bane vir toernooie of wedstryde huur.

16.3 Die Bestuur mag na goeddunke toernooie en wedstryde reel en spanne vir ligawedstryde inskryf.

16.4 Alle persone wat van die bane gebruik maak, moet ooreenkomstig GNTA bepalings bekleed wees.

16.5 Geen tennis sal op Sondae of gewyde vakansiedae (bv. Kersdag, Versoeningsdag, Goeie Vrydag) toegelaat word nie.

**17.** Die Klubreglement en leerreëls van die Klub kan in die lig van die heersende om-standighede deur die Bestuur neergelê en aangepas word, met dien verstande dat die Voorsitter die Jaarvergadering van enige wysigings inlig.

## 18. ONTBINDING VAN DIE KLUB

Die Klub kan alleen ontbind word na ‘n besluit van minstens twee-derdes van die aan-wesiges op ‘n behoorlik saamgestelde vergadering van stemgeregtigde lede van die Klub, en by ontbinding van die Klub word al sy bates in die eerste plek aangewend ter Betaling van sy skuld en die oorskot, indien enige, aan ‘n liefdadigheidsorganisasie Oorhandig.